VAN DER WALT-
NUUSBRIEF



1982

VAN DIE REDAKSIE

Geagte Vangenoot

Nog 'n jaar het verby geskiet. Dit was reeds Augustus 1982, en dit was weer tyd vir nog 'n Van der Waltfamilie-nuusbrief. Ongelukkig gaan dit met ons *Nuusbrief* ook maar soos dit met baie ander dinge gaan: dit word aan 'n paar mense toevertrou en daarmee uit en gedaan! Daarom gaan dit nie altyd so maklik om nuus oor ons mense bymekaar te kry nie en moet daar soms werklik 'n bietjie kop gekrap word om die *Nuusbrief* saamgeflans te kry.

Maar ons kla nie! Dis vir ons 'n vreugde om weer 'n *Nuusbrief* te laat verskyn en om te weet dit word gelees. Ook is dit 'n vorm van rekord hou van die dinge wat met Van der Walts gebeur, dis nou te sê, die dinge waarvan ons weet! Daarom word daar 'n vriendelike versoek aan alle Van der Walts gerig: Skryf aan ons sodat ons ook van u, u gesin en familie beriggies in die *Nuusbrief* kan plaas, asseblief. Die adres vir u korrespondensie is:

Dr. Tjaart van der Walt
Posbus 6082
Bailliepark
2526 POTCHEFSTROOM
Telefoon (01481-) 6082

* * * *

Hierdie *Nuusbrief* is, soos die vorige twee, deur prof. Hannes van der Walt met die gewaardeerde hulp van dr. Tjaart, prof. Bennie en mnr. Andries —almal Potchefstroomse Van der Walts — saamgestel.

VAN DER WALT-NUUSBROKKIES

Soos u sal bemerk, kan ons byna die opskrif gemaak het "Van der Walt-nuusbrokkies *uit Potchefstroom*". Aangesien al die redaksielede op Potchefstroom woonagtig is, dra ons nie so veel kennis van die wel en weë van ons vangenote elders in die land nie — veral as hulle nie van hulle laat hoor nie. Help asseblief dat die *Nuusbrokkies* volgende keer minder "Potchefstrooms" daar uitsien!

* Dries van der Walt, voorheen van Pro Regepers op Potchefstroom, het Hoof van die Sentrale Publikasie-afdeling van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO geword. Hy was ook onlangs oorsee met die oog op sy doktersgraadstudie.

* Pieter van der Walt, prokureur op Rustenburg, is verkies tot een van die Transvaalse hoofbestuurslede van die Karavaanklub van Suid-Afrika. Hy is ook onder-burgermeester van Rustenburg en onder-voorsitter van die Oud-Studentevereniging van die PU vir CHO.

* Dr. Tjaart van der Walt het onlangs Springbokkleure in kleingeweerskiet verwerf, en het saam met die Springbokspan aan kompetisies in Taiwan deelgeneem.

* Prof. Bennie van der Walt, direkteur van die Instituut vir Reformatoriese Studie, het onlangs ernstige operasies ondergaan, maar hy is weer voluit aan die werk.

* Prof. Jan J. van der Walt van die Teologiese Skool op Potchefstroom is tans besig om aan te sterk na 'n ernstige hartoperasie.

* Prof. J.C. van der Walt van die Randse Afrikaanse Universiteit het 'n groot aandeel gehad in die regsondersoek wat 'n deel uitgemaak het van die RGN se groot sportondersoek.

* Prof. Tjaart van der Walt, rektor van die Potchefstroomse Universiteit het onlangs die Aanprysingsertifikaat van die Hoof van die Weermag ontvang. Hy is ook aangewys as lid van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN).

* Nog 'n Dries van der Walt, 'n opvoedkundige voorligter aan die PU vir CHO, sal in die vervolg sy werk vanuit die kantoor van die Departement Openbare Betrekkinge aan die PU vir CHO verrig.

* Prof. Hannes van der Walt en sy departement Fundamentele Opvoedkunde aan die PU vir CHO het sedert die vorige *Nuusbrief* 'n navorsingstoekenning van R45 000 van die RGN ontvang.

* Ds. Ernst van der Walt, voorheen van Belville het onlangs 'n beroep na Die Strand aanvaar.

* * * *

GENEALOGIESE GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

Ter wille van lesers wat belangstel om lid van die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika te word, word die adres daarvan hieronder verskaf. Die Genootskap hou hom besig met familienavorsing, dien as skakel vir persone

wat in familiekunde belangstel en versorg deurlopend twee publikasies.

Benewens 'n nuusbrief wat deur die Genootskap versprei word, kry lede van die Genootskap ook die kwartaalblad *FAMILIA,* 'n publikasie wat uitstekend versorg word.

Belangstellendes kan navrae om lidmaatskap (dit bedra R10,00) aan die volgende adres rig:

Die Ere-sekretaris
Posbus 3057
COETZENBURG
7602

* * * *

HET U VERHUIS?

Die volgende Van der Walts se adresse het vanweë verhuising en die oprigting van poskantore verander:

* Die adres van die sekretaris van die Van der Walt-familiebond is nou:
Dr. T.S.P. van der Walt
Posbus 6082
Baillie Park
2526 POTCHEFSTROOM
Tel. Potchefstroom (01481)-6082

* Mnr. C.M. van der Walt (Christie) is nou 'n Middelburger (Tvl.) en sy nuwe adres is:
Posbus 1789
MIDDELBURG Tvl.
1050

(Lesers sal onthou dat Christie die mand was wat alles van elkeen se herkoms by die familiefees geweet het).

* Mnr. S.P. van der Walt (Oom Sarel) se adres het ook verander en is nou:
Posbus A478
Avondale
Salisbury
ZIMBABWE

As u adres verander het of binnekort sal verander, verwittig die Sekretaris tog asseblief! Hy berig dat heelwat *Nuusbriewe* ADRES ONBEKEND na hom terug kom. As u hom laat weet, kan hy die Familiebond se rekords op datum hou.

* * * *

VYFTIG JAAR IN DIE BEDIENING

Prof. S.P. van der Walt is die eerste predikant van die Gereformeerde Kerk wat begenadig is om meer as 50 jaar in die bediening te staan. Dit is voorwaar 'n uitsonderlike voorreg. Hy is sedert 1976 leraar van die Gereformeerde Kerke Hennenman/Ventersburg. Voorheen was prof. Van der Walt twintig jaar (1953-1973) verbonde aan die Teologiese Skool te Potchefstroom. Voor sy beroep as professor het hy (vanaf 1932) agtereenvolgens die volgende gemeentes bedien: Johannesburg-Suid, Johannesburg-Noord en Potchefstroom-Noord.

* * * *

DIE SEKRETARIS VAN DIE FAMILIEBOND

SÊ- VRA- SÊ...

Daar word weereens 'n beroep op lesers van die *Nuusbrief* om die instuur van nuus gedoen. Gebruik die *Nuusbrief* gerus om vertellings (wat verlore gaan) oor en van Van der Walts met ander te deel, of gebeurtenisse in u eie lewe met ander familiegenote te deel.

Op ons vorige beroep oor inligting in verband met besienswaardighede wat deur Van der Walts besoek kan word en waarvan nog nie in die *Nuusbrief* melding gemaak is nie, het niemand tot dusver reageer nie. Dit lyk dus asof ons die Van der Waltmonumente almal genoem het.

Vakansietyd is gewoonlik die beste kuiertyd. Die sekretaris is gewoonlik Desembermaande in 'n huisie met die naam Vaak-kansie op Heroldsbaai (naby George) te vinde. Van der Walts wat 'n koppie koffie wil kom drink, is welkom.

Waar hou die ander Van der Walts vakansie?

* * * *

LIDMAATSKAP VAN DIE VAN DER WALT-FAMILIEBOND

Die lidmaatskapfooi beloop R1,00 per gesin. Die redaksie van die *Nuusbrief* wou aanvanklik nie 'n tydsduur aan die lidmaatskapfooi koppel nie en het ledegeld daarom as eenmalig beskou. Die lidmaatskapfooi word slegs vir die verspreiding en drukwerk van die *Nuusbrief* aangewend. Stygende drukkoste noodsaak ons egter nou om te versoek dat u maar jaarliks 'n bedraggie van R1,00 sal bydra.

Die *Nuusbrief* is beslis nie lywig nie, maar koste word meegebring deur die feit dat ons dit goed gedink het om die *Nuusbrief* ook aan 'n plek soos die Museum te Middelburg K.P. beskikbaar te stel, waar reisigers tussen noord en suid van die Van der Waltsake (al is hulle nie Van der Walts nie) kennis neem.
Op die agterblad van die *Nuusbrief* word oudergewoonte 'n vormpie verskaf wat u asseblief saam met u lidmaatskapfooie moet pos. 'n Poswissel of tjek is verkieslik.

* * * *

GEWEET DAT...

Petrusville na 'n Van der Walt vernoem is? (Laat weet gerus as u meer van hierdie geskiedenis weet!)

* Mielies as volskaalse boerderygewas in Wes-Transvaal die eerste deur 'n Van der Walt geplant is? (Ons verneem dat die mense van Uitschot se wêreld hiervan baie meer weet. Is daar 'n Uitschotter wat lus het om vir ons daarvan te vertel?)

* * * *

BRIEWE

Prof. S.P. van der Walt, predikant op Hennenman skryf:

"Het RGN met hulle studie van die "Van der Walts" die Geslagregister van komdt Tjaart van der Walt? Ek het 'n afskrif vir myself daarvan gemaak en weet nie meer of ek aan hulle 'n kopie gestuur het nie. Die PUK het dit in sy argief. Ek het dit namens die Van der Walts aan PUK gegee. Daarin staan natuurlik baie informasie. By my kopie het ek bygevoeg die geslagregister van Johannes Petrus van der Walt, vader van my grootvader. Het julle dit?

Daar het by die familie Postma (wyle prof. F. Postma) 'n geelhoutkis uitgekom wat in my besit is en ek is besig om dit te herstel. Op die deksel staan die volgende geskryf: "1850. Erfstuk uit die boedel van N. van der Walt Grootfontein, distrik Middelburg, Kaap en Magrieta Jacoba Kruger van Kleinfontein aan hulle dogter Magrieta Jacoba getroud met J.C. van der Walt. Weer oorgegaan na haar dood aan haar dogter Magrieta Jacoba, getroud met Daniel Kruger, Waterkloof. Na haar dood weer oorgegaan aan haar dogter Magrieta Jacoba getroud met J.J. Coetsee, Brandvlei. Na haar dood weer oorgegaan aan haar dogter Magrieta Jacoba getroud met F. Postma, Potchefstroom".

J.J. Coetsee is my vrou se Oupa van moederskant en sy dogter Magrieta Jacoba is die vrou van prof. F. Postma, my vrou se moeder. Oupa Coetsee het die kis bemaak aan my dogter Margaretha Jacoba, getroud met ds. A.Z. Pelser van Oos-Moot, Pretoria. Sy het nie 'n dogter nie, maar hopelik kan haar seun eendag 'n dogter hê met die moeder se naam.

Misien is dit wel iets wat wetenswaardig is."

(Die geslagregister(s) waarvan u melding maak is wel in ons besit - Red.).

* * * *

Mnr. Pieter Jensma, Kurator van die museum op Grootfontein skryf:

"Beste Tjaart,

Ek gebruik tans die S.A. Stamregister (Malherbe) en sien daarin dat stammoeder Johanna Weyers van Epe Duitsland kom. Hierdie dorp lê in Nederland. Die pleknaamlys agter in die atlas bevestig dit. Hierdie dorp lê omtrent halfpad tussen Amsterdam en die Duitse grens. Haar vader mag van Duitse afkoms wees, maar volgens die stamregister was hy nie 'n Kaapse intrekker. Stammoeder het bes moontlik haar opvoeding in die weeshuis in daardie dorp gekry.

Die geskiedenis leer dat die H.O.I.K. 'n groep meisies uit die weeshuis van Amsterdam na die Kaap gebring het. Ek glo nie dit was Amsterdamse stadjuffers nie, maar troulustige weeshuismeisies van die platteland. Die kon begryplik beter aanpas by die ylbewoonde Kaapse platteland. Hulle was natuurlik uitgesoek en goedgekeur en na die weeshuis van Amsterdam gebring, waar hulle vertoef het, tot 'n skip vertrek. In die Kaap aangekom, so stel ek my voor, is hulle by gesinne geplaas vir huishoudwerk en ondervinding van die nuwe omgewing, tot hulle getrou het.

Daar mag meer groepe weeshuismeisies in die Kaap geplaas wees, wat nie opgeteken is nie. Volgens 'n geskrif *Klagtes deur die Here XVII* dat boekhouding aan die Kaap swak was en dat boeke soms vir 'n jaar nie bygehou was nie, kom van tyd tot tyd voor. Die getal amptenare was min. Hulle moes onder andere ook oor die Kompanjie se bouwerk toesig hou (Boeseken).

In ons Museum is stamlyste van families wat voor 1903 op Grootfontein gewoon het.

Van Gele Andries, sy vrou en hul kinders het ons net wat in die stamregister vermeld word en natuurlik ook die oorspronklike familie-stambome van Nicolaas en sy twee jongste seuns Nicolaas en H.T.J. Van Andries en Renske weet ons niks nie.

In Oom Kotie van der Walt se boek op bladsy 67 staan: gehuud op 19 Julie 1778 met Johanna Maria van der Merwe, weduwee van Andries van der Walt. Volgens die jaargetal kan dit niemand anders wees nie as die oudste seun van Gele Andries.

U kommentaar tegemoetsiende".

* * * *

Mnr. S.P. van der Walt, van Harare in Zimbabwe, skryf
(terloops, sy brief het die nuwe Van der Walt-wapen in volkleur op, met bo-aan die woorde "Van der Walt (1727)" en onderaan: "mel in spina"):
"Net ingeval die Van der Walts hierdie een misgekyk het, stuur ek 'n naskrif van gedeeltes van 'n brief wat ek onlangs van Colin Benbow ontvang het.

"... we are going to press right now on a total re-write of my 1962 booklet entitled *Boer prisoners of war in Bermuda.* It will now run to something over 100 pages and, hopefully, is a pretty definitive account of what went on out here eighty years ago.

I shall make a point of sending you a copy — and you can do me the favour of "spreading the word", particularly in any major bookstores or publishing houses. If you have friends interested in this incident the address they should write to is:

The Chief Executive Officer
Bermuda College
Prospect
Devonshire
Bermuda

since it is the College that has footed the bill and which will be doing the marketing. Subsequently, there should be suppliers in South Africa. Indeed, we have already had tentative requests to turn out an Afrikaans version for the local market...

...the obelisk on Long Island. The bottom name is your relative A.J. van der Walt. Recent research into dates of death seem to indicate errors in the carving and it seems certain that grave numbers do not always fit the person listed".

Soos jy weet is hierdie vir baie Suid Afrikaners 'n teer saak waarin hulle sal belangstel.

Met ons gaan dit goed en ook met ons land. Ons het wel moorde en ander geweld maar dit word met verdrag minder en sal seker eers tot 'n einde loop wanneer daar minder mense op los voet is wat vir jare gewoond was om met geweld te neem net wat hulle wil. Op politieke gebied is ons baie gelukkig dat ons eerste minister die gehalte man is wat hy is. Die pendulum wat tot die uiterste ten gunste van die witman opgeskroef was, het hy losgemaak, maar tenspyte van drukking van sy eie mense het hy dit nie maar net laat los nie; dit word met verdrag laat sak en in my opinie kan dit nog ver gaan voordat dit die punt van ewewig bereik".

* * * *

STAMREGISTER

Die sekretaris het weer met die RGN geskakel om te verneem hoe die werk met die daarstelling van die Van der Walts se stamregister vorder. Dr. Lombaard, hoof van die afdeling vir Genealogiese Navorsing van die RGN, het die volgende inligting verskaf:

Die RGN se opvraag van sterftekennisse uit die argiewe het 1 150 beloop. Die skrywe aan 8 000 Van der Walts (die kieserslys was gebruik) het 1 750 gesinsblaaie en 450 foto's opgelewer. Al hierdie inligting word by dié van die oorspronklike manuskrip bygewerk. Die omvang daarvan blyk groter te wees as wat aanvanklik vermoed is.

Die genealoog wat die manuskrip versorg en verwerk, mnr. Jooste, het beplan om die finale kopie teen die einde van September 1982 gereed te hê. Met die nuwe inligting beskikbaar is hierdie datum na September 1983 verskuif. Die oorspronklike manuskrip het byvoorbeeld 548 name op die eerste nege bladsye bevat. Dit het nou gegroei na 2 033 name en natuurlik

vier keer meer bladsye. Indien dit die tendens sou wees wat deurgaans voorkom, sal die omvang van die werk en die publikasie dienooreenkomstig toeneem.

Die aantal kopieë wat gedruk moet word, is ook 'n faktor waaroor sekerheid verkry moet word. Die stamregister van die Viljoens is dusver die een waarvan die grootste oplaag gedruk is, naamlik 600. Sou daar vir die Van der Walts dalk 2 000 gedruk kan word?

Vir die van u wat haastig word, dit lyk tog asof ons geduld in dubbele maat beloon sal word. Ons sal ons egter moet voorberei om die sakke te skud. 'n Publikasie van goeie gehalte en met die omvang wat voorsien word, gaan heelwat kos!

* * * *

* Dr. Johan L. van der Walt, verbonde aan die departement Engels aan die PU vir CHO, is onlangs bevorder tot senior lektor in die departement. Hy het ook op 1 Oktober 1982 na Groot-Brittanje vertrek met die oog op navorsing. Hierdie navorsing is vir hom moontlik gemaak met 'n beurs van die British Council. Dr. Johan word met al dié mooi prestasies geluk gewens.

* Op 20 September 1982 is daar 'n Erkentlikheidstoekenning vir bydraes tot die Afrikaanse sakewêreld deur die Junior Afrikaanse Sakekamer in Port Elizabeth aan die bekende landskapskilder, mnr. Gert van der Walt, gemaak. Ook met hierdie mooi toekenning word ons bekende vangenoot geluk gewens.

* Is daar iemand wat weet presies waar 'n mev. Susanna Maria van Jaarsveld (gebore Van der Walt omstreeks 1850) begrawe is? In lewe was sy die eggenote van 'n Koos van Jaarsveld (1871 in die huwelik bevestig) van Sterkstroom in die omstreke van die Schoonspruit, in die distrik van Ventersdorp? Sy is oorspronklik vermoedelik van Burgersdorp se wêreld. Sekere ongeïdentifiseerde grafte is opgespoor, en die redaksie sal graag wil hoor of iemand sal kan sê waar sy begrawe is. In die volgende Familiebrief sal ons volledig oor 'n interessante speurtog in verband met haar en haar eggenoot se grafte berig.